

DIS DALK 'N GOEIE JAAR VIR SUID-AFRIKA

Zexit: Só kan dit jou sak raak

Sterker
rand, laer
petrolprys
– en hoop



Mike Schüssler,
onafhanklike ekonoom.



Prof. Jannie Rossouw van
Wits.



Dr. John Purchase van
Agbiz.



Hugo Pienaar van die
Universiteit Stellenbosch.



Prof. Johann Kirsten, Buro
vir Ekonomiese Onderzoek.



Maarten Ackerman van
Citadel.

Francois Williams

Effens goedkoper petrol, jou baas wag dalk langer voordat hy jou aflê, en later selfs minder belasting.

Dís van die moontlike voordele van pres. Jacob Zuma se uitrede, volgens 'n paar ontleders.

Mike Schüssler, onafhanklike ekonoom:

Die rand sal versterk, maar die uitrede van Zuma is reeds grotendeels in die wisselkoers ingeprys.

Die markte sal positief reageer. Dit is reeds duidelik dat mense meer energie en vertroue het, maar baie is dalk ooroptimisties dat korrupsie vinnig uitgeroei sal word.

Een swaeltjie maak nie 'n somer nie.

Baie harde werk oor 'n lang tyd wag nog op Suid-Afrika voordat die land weer in die internasionale beleggerskollig is. Dit is weens die afgradering van Suid-Afrika se skuld tot rommelstatus.

Veral internasionale beleggers is nog skepties oor Suid-Afrika en meen die regering tree nie konsekwent op nie.

Suid-Afrika het nog goeie sakeverhoudinge met Europa en China, maar in Amerika en Japan is daar nog skeptisisme oor Suid-Afrika as beleggingsbestemming.

Plaaslik is daar wel 'n meer optimistiese ingesteldheid te bespeur by sakelui, en maatskappye sal straks bereid wees om nou meer geld te bestee aan uitbreidings of minder geneig wees om werkers af te lê.

Die geldkraan vir vaste kapitaalinvestering gaan nie sommer dadelik wyd oopdraai nie. Vaste investering is 'n langtermynbesluit; mense wil ook optrede sien.

Nietemin kan die beter sakevertroue help om die ekonomie met selfs 'n ekstra persentasiepunt te laat groei. Ons sal nie skielik 10%-groei behaal nie en dit sal makliker wees om van 1% tot 2% te groei as tot 3% of 4%.

Prof. Jannie Rossouw, hoof van die skool vir ekonomiese en sakewetenskap van die Universiteit van die Witwatersrand:

Die Zuma-administrasie plaas 'n Zuma-diskonto op die wissel-

koers. Ná die bedanking van Zuma sal die rand verder versterk van sy huidige vlakke, soos reeds sedert adj.pres. Cyril Ramaphosa se verkiesing tot ANC-president gebeur het.

Die vertroue sal herstel en gevolglik sal beleggings en ekonomiese groei toeneem. Dit sal die owerhede se inkomste verhoog, wat ruimte skep vir die regering om belastinge te verlaag, wat tot 'n voorspoedsiklus kan lei.

Onder Ramaphosa sal dit vir buitelandse beleggers aantrekliker word om weer in Suid-Afrika te belê.

'n Knellende uitdaging is dat indiensneming in die staatsdiens en die regering se salarisrekening onder die Zuma-administrasie totaal handuit geruk het.

Dit het Suid-Afrika tot op die rand van 'n fiskale afgrond gebring en die Ramaphosa-administrasie sal die situasie vinnig moet omdraai deur byvoorbeeld die kabinet te verklein.

Dr. John Purchase, uitvoerende hoof van Agbiz:

Die sterker rand sedert Novem-

ber verlede jaar het in groot mate reeds Zuma se uitrede verdiskonteer.

Daar is dalk nog effens ruimte vir verstewiging op kort termyn danksy sentiment, maar die fundamentele ekonomiese faktore sal dit eerder konstant hou of selfs ietwat laat verswak.

Die algemene verbruikerssentiment en beleggersvertroue sal verbeter en groei stimuleer, maar Suid-Afrika sit steeds met aansienlike strukturele probleme wat mettertyd aangepak moet word voordat die ekonomie weer volhoubaar teen 4% of sterker sal kan groei.

Dán eers kan ons werkloosheid van 27% en ongelykheid teenwerk.

Hoe Ramaphosa die daad by die woord voeg, sal grootliks bepaal of plaaslike maatskappye weer in die ekonomie gaan belê. Die bou van veel groter vertroue tussen die regering en die sakesektor is van kritieke belang.

Buitelandse beleggers is reeds bereid om met nuwe oë na Suid-Afrika te kyk, mits daar sekere hervormings plaasvind en korrupsie beter beheer word.

Hugo Pienaar, senior ekonoom van die Universiteit Stellenbosch se Buro vir Ekonomiese Onderzoek:

Die rand behoort te versterk, want Ramaphosa sal 'n nuwe kabinet kan saamstel van waarskynlik bekwaam mense en met 'n fokus om die ekonomie te laat groei.

Mynbou is 'n voorbeeld van 'n sektor met potensiaal as regulatoriese onsekerhede uit die weg geruim kan word. As bekwaam ministers beleidsonsekerheid verminder, kan die mate waarin die private sektor meer geld in die ekonomie begin terugploeg deur groter vaste investering ons verbaas.

Prof. Johann Kirsten, direkteur van die Buro vir Ekonomiese Onderzoek:

'n Sterker rand is nie goeie nuus vir landbou-uitvoer nie, maar dit kan die styging in boere se insetkoste aan bande lê.

Ramaphosa se standpunt oor onteiening sonder vergoeding sal 'n politieke speelbal bly. Daar moet egter nog baie water in die see loop. Die ANC is bang vir die negatiewe gevolge van

so 'n besluit.

'n Strategie om aandag te gee aan stedelike grond en dit wat deur tradisionele leiers bestuur word, maar waarvoor mense in landelike gebiede geen titelaktes het nie, kan 'n manier wees om die dilemma van toegang tot grond vinnig af te handel.

Maarten Ackerman, hoofekonoom en adviserende vennoot van Citadel:

Die rand kan met tot 50c teenoor die dollar versterk. Die begrotingsrede sal almal egter na die werklikheid terugbring, want daar is steeds die kwessie van gratis universiteitstudie, Eskom se geldtekort en belastingverhogings wat wag.

Dinge lyk nou egter beter as in Oktober met die mediumtermyn-begrotingsraamwerk. As sterker groei by die somme ingewerk word, kan die begrotingstekort en skuldvlakke beter lyk en hoop skep.

Ek verwag dus nie dat Moody's Suid-Afrika in Maart weer sal afgradeer nie. Die groter sake- en beleggersvertroue kan beteken dat 2018 nog 'n baie goeie jaar kan wees.